Die Maand Wat Was

Junie 2014 Sakegesprek
Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Mei 2014



Bron: Credit Suisse



Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar in lyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2013) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes





Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik – die konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, die gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling aan aandele en ‘n die groei portefeulje het 66% blootstelling aan aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Junie 2014 - Die Maand Wat Was

Die vyfde reeks van Sakegesprek met Theo Vorster begin op Woensdag 2 Julie op kykNET (DSTV kanaal 144) om 21h30 met geskeduleerde heruitsendings. Allan Gray sal die borg van hierdie reeks wees.

In die vorige vier reekse het Theo met meer as 50 van Suid-Afrika se voorste sakelui gesels, nie oor finansiële state of resultate nie, maar oor elkeen van hierdie sakeleiers se pad na sukses in sy / haar eie woorde. Soos in die verlede, gaan daar 'n verskeidenheid van gaste wees – van swaargewigte in die Suid-Afrikaanse sake-omgewing tot jong entrepreneurs wat besighede vestig of sakemense wat op die kruin van hul loopbane is.

Oudergewoonte gaan die program uit drie segmente bestaan: Daar gaan weer begin word met 'n bespreking van die week se belangrikste sakenuus, gevolg deur die onderhoud met die sakeleier en dan 'n beleggingsgleuf. In die beleggingsgleuf gaan Theo met gaste die kernelemente en konsepte, as dit kom by suksesvolle beleggings en die bou van 'n beleggingstrategie wat jou help om jou doelwitte te bereik, bespreek.

Is jou gewoontes die verskil tussen middelklas en welvarend?

Daar word gereeld boeke gepubliseer en navorsing gedoen oor waarom sekere mense ryk is en ander mense vasgevang bly in 'n sukkelende middelklas bestaan. In sy boek "Rich Habits: The Daily Success Habits of Wealthy Individuals" lig Thomas Corley 'n paar punte uit. Van hierdie punte, spesifiek waarom sekere mense meer welvarend is as ander, is die volgende:

1. Ryker mense glo hul goeie gewoontes speel 'n groot rol in hul welvaart. Hierdie goeie gewoontes skep die geleentheid of onderbou vir geluk om na hul kant toe te kom. Volgens Corley se navorsing glo slegs 3% van middelklas mense dat gewoontes 'n rol in sukses speel terwyl meer as die helfte van die welvarende mense meen dit speel 'n kritiese rol.
2. Ryker mense koester goeie verhoudings vir professionele en persoonlike groei en glo vas dat dit bydra tot hul uiteindelike sukses. Hulle doen moeite om hierdie verhoudings te bou en te onderhou - 88% van ryker mense dui aan dat dit belangrik is terwyl middelklas mense nie werk maak hiervan nie.
3. Ryker mense probeer om soveel nuwe mense as moontlik te ontmoet. In teenstelling hiermee voel slegs 11% van die middelklas mense dat om konstant nuwe mense te ontmoet, 'n rol in hul welvaart speel.
4. Ryker mense glo dat om te spaar baie belangrik is. Hulle glo dat dit net so belangrik is om die geld wat jy maak te spaar, as wat dit is om geld te maak. Amper 90% reken dat dit net so belangrik is om geld reg te belê as wat dit is om die geld te verdien.
5. Ryker mense glo dat 'n mens self jou sukses bepaal. Opvallend is dat ryker mense baie minder in geluk glo terwyl middelklas en armer mense weer glo geluk speel 'n baie belangrike rol in finansiële sukses. Slegs 10% van die ryker mense glo in geluk, terwyl 90% van middelklas mense reken geluk is die verskil tussen hulle en rykdom.
6. Ryker mense heg meer waarde aan die rol wat kreatiwiteit speel teenoor blote kennis tot sukses. Armer mense glo weer dat die verskil primêr aan kennis en die gebruik van die kennis toegeskryf kan word terwyl ryker mense 'n veel groter klem plaas op die kreatiewe aanwending van die beskikbare kennis.
7. Ryker mense geniet hulle werk. Corey meen dat dit beslis nie toevallig is nie en dat dit baie te doen met waarom hulle later suksesvol geword het en dan in baie gevalle ryker geword het.
8. Ryker mense is gemaklik daarmee om berekende risiko's te neem. 'n Baie groter persentasie praat van foute wat hulle gemaak het en wat hulle daaruit geleer het as armer mense. Ryker mense meen ook dat lesse uit hulle foute bydra tot hulle sukses terwyl middelklas mense meer daarop ingestel is om foute te probeer vermy. Uit Corey se studie reken 27% van ryker mense hulle het al groot foute gemaak terwyl slegs 2% van middelklas mense glo hulle het al groot foute gemaak.

Uit my eie ervaring uit die Sakegesprek onderhoude, sou ek graag twee punte hierby wou voeg:

1. Ryker mense is baie meer positief oor die toekoms, insluitend oor die toekoms van Suid-Afrika en die toekoms van Afrika. Ek bly verbaas oor die suksesvolle sakemense se volgehoue optimisme.
2. Ryker suksesvolle sakemense omarm verandering – hulle sien verandering deur 'n bril van geleenthede en verseker nie deur 'n bril van bedreiging nie. Jy kry die idee dat hulle konstant besig is om uit te kyk vir veranderinge in tegnologie, sake omstandighede, wetgewing en bloot waar die volgende geleenthede uit die verandering gaan ontstaan.

Lees meer by: http://www.businessinsider.com/ways-rich-people-think-differently-2014-5#ixzz32urvOQQe

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter @sakegesprek.

> ***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.***

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op TWITTER

Volg ons op twitter @sakegesprek vir program opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.